Kampkrummels

Nuusblad van Streek Kiepersol van SAWA Jaargang 31, No 2 Desember 2013

# Die eerste byeenkoms van die sleepakademie

**Johann Lemmer**

WegSleep het besluit het om met Jurgens Ci, SAWA en die AA saam te werk om ’n sleepakademie op die been te bring. Die opleiding is gemik op voornemende slepers wat graag ’n EB-lisensie wil verwerf en ook op ervare bestuurders wat reeds ’n EB-lisensie het, maar wat tot nou toe te huiwerig was om ’n woonwa te haak.
Die eerste slypskool het op kort kennisgewing as ‘n proeflopie Saterdag (19 Oktober) by Joos Becker-woonwapark, Wonderboompoort in Pretoria plaasgevind. Die 20 plekke wat vir opleiding beskikbaar was, is vinnig opgeneem nadat Wegsleep dit elektronies bekend gemaak het. Die kursus het teoretiese en praktiese aspekte gedek en deelnemers het die geleentheid gekry om self agter die stuur in te skuif en die lesse prakties toe te pas.
Sawa-Kiepersol is genader om tydens die verrigtinge verversings te verkoop maar daar was nie ‘n saamtrek nie.
Fanie Marx is gevra om as instrukteur op te tree.
Die redakteur van Wegsleep, Zigi Ekron, was persoonlik teenwoordig en het die verrigtinge geopen. Daarna het Fanie begin met omvattende inligting oor alles wat 'n rol speel by 'n suksesvolle woonwa sleepondervinding. Sake wat hy aangeraak het was onder andere gewigverhouding tussen voertuig en wa, neusgewig, banddruk, laai van die wa, gebruik van stabiliseerder of nie, hoe om regstelling te doen as woonwa begin swaai, funksie van hoekstutte, agterligte van die woonwa, remfunksies, belangrikheid van observasie en kommunikasie by die hantering van die woonwa en die keuse van 'n kampeerstaanplek. Daarna het hy die vereistes vir 'n EB-lisensie behandel en gedemonstreer hoe dit gedoen word. Toe het elkeen van die 20 deelnemers geleentheid gekry om met die sleepkombinasie (Nissan Patrol en 'n spesiaal geboude wa) te wys of hulle die teorie in die praktyk kon omskep. Fanie het met groot geduld gesorg dat almal presies geweet het wat om te doen.
Zigi het na afloop van die oefening gesê dat dit lank reeds 'n behoefte is om spesifieke opleiding te doen. Die eerste slypskool het as ‘n proeflopie gedien vir die Sleepakademie en die gedagte is om hieruit te leer ten einde uiteindelik soortgelyke slypskole op ’n gereelde grondslag reg deur die land aan te bied. Hy het die medeborge (AA en Jurgens Ci) bedank vir hulle aandeel in die saak.
Verskeie deelnemers het hulle tevredenheid uitgespreek op ‘n videogreep wat op Wegsleep se webwerf verskyn. Fanie het gesê hy is genader om die eerste opleidingsessie te doen maar daar is nog nie verdere geleenthede gereël nie.



Fanie Marx (instrukteur), Zigi Ekron (redakteur Wegsleep), Jan en Ina van den Berg (reëlings), Schalk Nolte (klankstelsel), Hettie en frank Smith (seniors), Magriet en Andre Baker (voorsitter)

## Lees binne . . .


Oordenking 2
Redakteur sê 3
Voorsitter sê 3
Lekker Kampnuus 4
Saamtrekke 2013/14 4
Lekker Kampnuus 5
Senior Burgers 6
Foto Album 7
Foto Album 8
SAWA Kalantjies 9
Verjaardae, lief, leed 10
Voogdelys 11



# OORDENKING



## ’n VREUGDEBOODSKAP

“Vrede op aarde en vreugde,” was die boodskap
wat aan herders in die veld gebring is.
’n Engel uit die hemel gee die boodskap
wat van God, die Vader, self gekom het.
Haastig gaan hulle kyk en kry Hom,
’n pasgebore baba in ’n stal.
Maar hulle weet dis die Messias
wat lank gelede reeds deur God beloof is.

Vir almal wat vermoeid is onder laste
is Hy die Een wat rus gee, Hy alleen.
Vir almal wat verwond is en gebroke
kan Hy genesing gee en nuwe krag.
Net soos die engel aangekondig het
kan ons by Hom die ware vrede vind,
omdat Hy aan die kruis gely het
om ons weer die Vader te versoen.

Die wêreld is vandag weer vol ellende
deur die mens se ongeloof en sonde.
Solank die Redder nog verwerp word
is daar geen hoop vir ander redding.
Maar eendag sal sy oordeel al die nasies tref
wanneer Hy van hulle rekenskap sal eis.
Maar nou hou Hy steeds sy arms oop
en gee Hy vrede aan die wat na Hom toe kom.

**(Uit die Kruisgesant)**

Breër verband

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne ’n Christelike konteks, ’n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom*


## Tandartse by Elwierda Apteek

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**


SAWA KIEPERSOL

## Streekbestuur 2013-2014

**Voorsitter:** André Baker (083 409 3709) bakera@netactive.co.za

**Ondervoorsitter:** Ronelle King (084 444 8282) ronelle@hscenturion.co.za

**Sekretaris:** Ina van den Berg (081 270 8267) jannie.ina@gmail.com

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Christa Bothma, Dewald van Biljon, Lucille Vorster

**Redakteur:** Elma Bronkhorst (082 469 3559) elma.bronkhorst1956@gmail.com

**Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499**

**Die Redakteur sê:**

# Tel jou seëninge



Liewe Sawa-vriende, hoe vinnig het die jaar 2013 nie verby gevlieg nie? As ons terugkyk na die gebeure in ons lewe dan vra ons baie keer - Hoekom het God dit toe gelaat.
Ek wil graag die volgende met julle deel:

Man: God, can I ask You a question?
God: Sure.
Man: Promise You won't get mad …
God: I promise.
Man: Why did You let so much stuff happen to me today?
God: What do u mean? Man: Well, I woke up late.
God: Yes.
Man: My car took forever to start . God: Okay.
Man: at lunch they made my sandwich wrong & I had to wait. God: Huummm.
Man: On the way home, my phone went DEAD, just as I picked up a call. God: All right.
Man: And on top of it all, when I got home I just wanted to soak my feet in my new foot massager & relax. BUT it wouldn't work!!! Nothing went right today! Why did You do that?
God: Let me see, the death angel was at your bed this morning & I had to send one of My Angels to battle him for your life. I let you sleep through that.
Man (humbled): OH.
GOD: I didn't let your car start because there was a drunk driver on your route that would have hit you if you were on the road.
Man: (ashamed).
God: The first person who made your sandwich today was sick & I didn't want you to catch what they have, I knew you couldn't afford to miss work.
Man (embarrassed): Okay.
God: Your phone went dead because the person that was calling was going to give false witness about what you said on that call, I didn't even let you talk to them so you would be covered. Man (softly): I see God.
God: Oh and that foot massager, it had a shortage that was going to throw out all of the power in your house tonight. I didn't think you wanted to be in the dark.
Man: I'm Sorry God.
God: Don't be sorry, just learn to Trust Me…. in All things , the Good & the bad. Man: I will trust You.
God: And don't doubt that My plan for your day is Always Better than your plan.
Man: I won't God. And let me just tell you God,
Thank You for Everything today.
God: You're welcome child. It was just another day being your God and looking after My Children…

Kom ons tel ons seëninge, vertrou op God en geniet 'n aangename Christusfees saam met ons families.

**Die Voorsitter sê:**

# Kers-groete



En so kom ons aan die einde van 2013. Dit was 'n jaar met uiteenlopende emosies. Streek Kiepersol het vreugde ervaar met ons dertigste verjaardag, onsself terdeë geniet met 'n suksesvolle wildtuintoer en elke maand se heerlike kampe waar vriendskappe versterk is en nuwe vriende deel van ons groot familie geword het. Dit alles maak Streek Kiepersol baie geseënd.

Ons het ook hartseer hierdie jaar ervaar met die afsterwe van geliefdes, ons dink veral aan tannie Anna Rall en Christo van der Merwe. Hulle sal altyd in ons gedagtes wees en ons koester hul mooi herinneringe wat hulle vir ons nagelaat het.

Dan was verskeie lede ook in die hospitaal. Dewald van Biljon het wonderbaarlik herstel na sy motorfiets ongeluk en daar lê nog vir hom 'n pad voor tot volkome herstel. Ons dra hom en Helmien in ons gebede. Alle Eer aan ons Hemelse Vader. So het ons ook vreugde ervaar met kanker uitslae van Hannie Ferreira en Magdanell Botha. Julle deursettingsvermoë en geloof is inderdaad vir ons 'n voorbeeld van geloof en hoop.

So beleef ons baie dinge wat ons nader aan mekaar bring en ons geloof versterk. Dankie, Kiepersollers vir julle liefde en ondersteuning aan almal deur die jaar. Kiepersol is voorwaar 'n streek om op trots te wees en mag ons met die wysheid en krag van ons Verlosser elke dag van krag tot krag gaan.


'n Groot dank aan al die lede wat gekamp het deur die jaar en ook aan die bestuurslede en hul gesinne vir jul bydraes en hulp aan die streek, dit word opreg waardeer.

Waar ons nou die Christusfees nader bid ek elke Kiepersoller vreugde en seën toe en mag die nuwe jaar vir almal en vir ons as streek voorspoed en seën inhou. Mag almal wat met vakansie gaan dit baie geniet en goed uitrus en die wat moet werk, neem dit maar rustig. Laat ons die nuwe jaar positief en met geesdrif aanpak en altyd ons oog op HOM gerig hou.

Graag sluit ek af met die volgende deur Helen Steiner Rice:
Verse mag soms treffend wees by 'n sekere okkasie,
Maar ons daaglikse behoefte bly God se inspirasie;
Want, nie net op 'n Feesdag nie maar altyd, deur die jaar,
Moet ons, as kinders van die Heer Sy gesindheid openbaar.
En as die hart bedruk is en ons voel ons kan beswyk,
Mag "Godgegewe Manna" ons in ons gees verryk
Met die wete dat Hy Liefde is; Hy's 'n hoorder van gebed.
In Sy Alwysheid weet Hy al wat ons nodig het.

# Lekker kampnuus

**Marina van den Berg se briefie wat gaan oor die Saterdag met die EB opleiding by Joos Becker.**


Marina van den Berg
Joos Becker
oupa het 'n woon wa
op leiding gegee.
Ons het fiets gery,
xxx
en Ons het lekker
geswem. Dit
was koel. Ek en
my Boetie het
gebrand. My
mamma het lekker
ge kamp. My
Pappa het pene
in slaan. Stean
het my nat gespat
Stean het my
in gegooi.
ander het gehaap
Saterdag het
dit gereen
Ons het in
die parkie gespeel.

## Waarskuwing!

Die pad na Onverwags Woonwapark is 'n grondpad wat baie sinkplaatagtig is. Ons waarsku dat julle baie stadig met julle woonwa moet ry.

Ina vra dat julle vir haar die 1ste week in Januarie laat weet wie by Onverwags Woonwapark wil gaan kamp.

# Saamtrekdatums

## Saamtrekke vir 2014

24 - 25 Januarie: Onverwags Woonwa Park
Naweek tarief - R420.

31 Januarie - 01 Februarie - Oop NUB vir al die SAWA lede.

21- 22 Februarie: Kokoriba
Naweek tarief - R480 vir 2 persone.
Addisionele persone - R 50 per nag.
Addisionele voertuig - R 50 per nag.

12 - 13 Maart: Seniorburgers
14 - 15 Maart: Hartbeeshoek

15- 16 April: Seniorburgers
17 - 20 April: Presidente – Klipdraai

23 - 24 Mei: Marula

09 - 12 Junie: Seniorburgers
13 - 14 Junie: Weesgerus saam met Waterberg Streek

25 - 26 Julie: Manyane

15 - 16 Augustus: AJV– Klein Paradys

19 - 20 September: Nasionale Saamtrek

17 - 18 Oktober: Kongres - Buffelspoort
Afgevaardigdes plus twee gaste

24 - 25 Oktober: Bass Lake

14 - 15 November: Joos Becker

## Seniorburger Toer 2014

26 Oktober - 8 November: Toer - Drakensberg


## Fonds insameling 2014

1 Maart - Mandjiedans

## 4X4 Saamtrekke 2014

20 - 22 Maart - Thaba Monate
21 - 22 November of
28 - 29 November - Seredepity

# Lekker Kampnuus



## Marula Mountian Village

**25 - 27 Oktober 2013**

**Lucille Vorster**

Ons was gesamentlik 11 lede een een gas.

Eerstens was ons, die Vorster Familie baie bevooreg om tannie Bets en oom Martiens saam met ons as kampkommodante te hê. Van vroeg Vrydag af het die sawanante ingekom en teen die middag het almal klaar lekker gekuier. Vrydag-aand het ons boekevat gehad en daarna het die groot kampery begin. Die program was bietjie rondgeskommel en ons het sommer die Saterdag-oggend boekevat gehad. Van daaraf het almal reg gemaak vir ‘n heerlike potjie of twee Bingo. Van die dames was baie gaaf en het vir ons pannekoek gebak vir verversings. Daarna het Jannie vir ons die grootskerm opgestel en die groot rugby is tot laat gekyk. Die aand het ons almal ‘n heerlike gesamentlike braai gehad, sommer in die straat voor die woonwaens. Dankie Ina vir die lekker potbrood en dankie aan die ander dames vir die lekker slaai. Sondag het ons weer op die grootskerm na ds Enslin se kerkdiens geluister en ‘n mooi boodskap ontvang. Ons almal het dit goedgedink om die oord te ondersteun met hulle buffet middagete….en was dit verseker die moeite werd. So het alles toe tot ‘n einde gekom en ons het huis se kant toe terguggekeer. Dit is eerlik waar die lekkerste kamp wat ek bygewoon het sedert ek deelgeword het van Kiepersol. Dis mos hoe ‘n SAWA naweek moet wees.

# Joos Becker - Kersete afsluiting 14 - 15 November 2013

## Frank Smith

2013 se remme was sedert Januarie reeds geslyt want die jaar het teen ‘n te vinnige tempo verby gesnel.
Met die beplanning en reël van kampe vir 2013 was daar versoeke van lede dat Kiepersol ‘n ander oord as Joos Becker kry vir die afsluiting. Die geraas van die verkeer en die treine was die grootste klagte teen die oord. ‘n Paar oorde in en naby Pretoria was genoem waarna navrae aan hulle gerig was en pryse vergelyk is. Die meeste ander oorde se naweektarief was enigiets tussen R400 en R500. Op die ou einde was Joos Becker maar weer die mees bekostigbare oord @ R250 vir die naweek wat ook die gebruik van die afdak en 8 tafels ingesluit het. By van die ander oorde vra hulle tot R2000 huurgeld vir ‘n afdak of lokaal.
So kom ons om 11 uur Vrydagoggend die 15de November by die oord aan. Soek ‘n staanplek in die koelte en ontdek toe dat ons stoele, grondseil en tentpenne nog by die huis is. Familie het dié losgoed geleen toe hulle gaan kamp het in die Pilansberg Natuurreservaat en ons het dit nooit weer teruggepak in die woonwa nie. Ry maar terug huistoe om dit te haal. Terug by die kamp kom ons agter ons het glad nie ‘n goeie staanplek gekies nie want die hele woonwa staan in die son. Dis warm, ons is vies vir onsself oor die agterlosigheid, maar met die hulp van die ander manne in die kamp word die woonwa geskuif tot onder ‘n koelteboom.
Ronelle King was die ander deel van die kampkommandante, en met Charlie wat die naweek nie tuis was nie het sy liewer heen en weer gery as om haar woonwa oord toe te sleep. Sy behartig Vrydagaand die boekevat en lewer ‘n getuienis oor gebede wat verhoor is en die groot genade en seën wat hulle as gesin van ons HemelseVader ontvang het.
Saterdag gaan rustig voort met die 14 gesinne wat oor en weer kuier. Hierdie jaar se kamp het wel ‘n kersboom maar nie ‘n kersvader nie. Die besluit was om 2013 se afsluiting te wy aan die lede van Kiepersol. Die tafels word feestelik gedek, die dames pak hulle slaaie uit en die manne braai vleis. Die aand verloop heel gesellig en die ete word afgesluit met Bets se nou reeds bekende vrugteslaai, vla en roomys.
Sondagoggend word die Kersboodskap gebring deur ds Herman Matthee van die NG Gemeente Pierre van Ryneveldt en daarna kuier almal saam vir die gebruiklike tee en koek en die afsluiting van die naweek. Nie almal is haastig om op te pak nie en kuier nog onder die bome tot die dag nie nog langer uitgerek kon word nie. Die Smiths en die Bothas besluit om Sondagnag oor te bly. Maandag kuier ons so lekker onder die bome en bly toe sommer Maandagnag ook oor.
Mag die Kersseisoen vir elke lid van Kiepersol vol genade en seën wees, en vir die- gene wat met vakansie gaan, geniet dit en kom veilig terug. Ons kuier weer saam in 2014.

# Foto Album - Marula & Joos Becker



Andre Baker ontvang die Nasionale Meriete Toekenning wat by die Kongres aan hom toegeken is



Jannie & Hannie bak pannekoek
Christa, Lucill & Alet strooi suiker oor die pannekoek



Ons speel BINGO















Schalk Nolte ontvang die toekenning Beste Bydrae tot Nuusbrief wat by die Kongres aan hom toegeken is.
Martiens & Bets Joubert - 175 Alg & 90 Streek Meriete
Frank & Hettie Smith - 75 Alg, 60 Streek Meriete & 20 ste Kamp-kommandant
Pierre & Jo de Villiers - 100 Alg & 80 Streek Meriete
Ronel King saam met ds. Herman Matthee wat Sondagoggend die boekevat waargeneem het.











Mooi kleurvolle tafel gedek vir 'n feesmaal. Fanie verkoop slimstories & die manne luister aandagtig. Alma, Johann & Ronel verkeer gesellig saam.
Schalk, Marianne, Pierre, Bertus & Annatjie kuier saam. Die Lemmer familie saam om die tafel.

# Foto Album - Senior Burger toer - Oos-Vrystaat


















1. Frieda Burger ry op die Groot gifspuit.
2. Nico Spaumer staan by die agterwiel van die groot John Deere trekker - Regs.
3. Die vrue tel moelestronke op soos van ouds.
4. Die standbeeld van die Kaalvoet Vrou.
5. Die sterkfonteindam.
6. Invloei na die Asrivier. Die water is afkomstig van die Katzedam in Lesotho.
7. Toerlede geniet versnapperings.



Seniors

**Frieda Burger**

## Riemland Toer

So het 14 woonwaens met senior burgers Saterdag 24 Augustus by  Frankfort bymekaar gekom voor ons vertrek  na Harrismith op die Riemland toer. Ek self was al verskeie male in die omgewing maar het nie geweet dit staan bekend as die Riemland nie. Groot gedeeltes van die Noordoostelike Vrystaat deur die distrikte van Bethlehem, Reitz ,Lindley, Heilbron en Kroonstad staan bekend as die Riemland. Die vlaktes is ‘n belangrike voorsiener van voedsel vir die land naamlik  graan sowel as suiwel, vleis, sagte vrugte en groente. Daar word kanna blomme in verskeie dorpe gekweek wat baie mooi lyk in blomtyd. Harrismith en Bethlehem is ook bekend vir die mooi sandsteen geboue.

Frankfort woonwa park lê aan die Wilgerivier. Ons is daar met eg Vrystaatse hartlikheid en gasvryheid ontvang en onthaal. Elke woonwa het nog ‘n geskenkpakkie met peuselhappies ontvang.Sondag oggend na die erediens het on ‘n praatjie geluister oor die geskiedenis van die omgewing. Van Harrismith af het ons ‘n boer se plaas besoek en ‘n interessante praatjie oor John Deere trekkers gehoor.Ongelooflik hoe tegnologie ook die boerdery binne gedring het! Die groot implemente word met rekenaars bedryf en bestuur. Gps toestelle en monitors bestuur die massiewe spuite en trekkers en die boer sit in die kajuit slegs vir nood en veiligheid. Maar soos in Bybelse tye het die vroue mieliestronke opgetel vir heerlike kamp en braaivleisvure.

Die Sterkfonteindam buite die dorp is die derde grootste dam in die land Dit het ‘n gekompakteerde grondwal met klip versterking aan die waterkant.  Die dam het geen inloop nie maar word volgehou met pompe uit die Tugelarivier en water word via die Wilgerivier na die Vaaldam uitgelaat.

Van Harrismith af is ons na Glen Reenen of ook bekend as Golden Gate. Dis ‘n pragtige Sanparke oord met gelyk staanplekke ‘n mooi omgewing en baie astrante bobbejane. Net jammer van die gebrekkige riolering by die badkamers. Van daar af het ons verskeie plekke besoek nl die Amfiteater via Phudadithaba. Geskiedkundige plekke soos die Retiefklip, die Kaalvoetvrou monuent ,Surrender Hill en oppad terug van Clarens af ook na die Clarens kasteel gastehuis gekyk. In Clarens is daar deeglik na al die mooi stalletjies en winkeljies gekyk en bekyk. Lekker middag ete by die Duitse restaurant - Eisbein en Sauerkraut geëet.

Ons laaste staanplek was in Fouriesburg by Meiringskloof woonwa park. ‘n Pragtige omgewing maar aaklige pad uit die dorp uit. Seker die koudste deel van die hele toer maar kuier is daar gekuier. Paula en Daniel se pot van Saterdag aand was nou die cherrie op die koek en net die regte afsluiting van die toer. Vroeg Sondagoggend vertrek almal om vir ou laas by Reitz die die kerk diens by te woon en daar het ons mekaar gegroet.

Dankie Attie en Lilian en al die Riemlanders vir ‘n heerlike toer. Hoop ons kan weer saam kuier by ‘n volgende geleentheid.

## Bring en braai:

### Dinsdag 10 Desember 2013 vanaf 09:30

By Maraisdam (ook bekend as die Hippo Pool).  Toegang vir seniors beloop gewoonlik R20-00 per persoon.  Na die braai kan ons gaan koffie drink by die restaurant.  Laat weet asseblief vir Hettie Smith by 012 654 3135, sel nommer 082 8825299 of E-pos frank.hettie@vodamail.co.za indien jy die geleentheid wil bywoon.

## Onthou!

**Julle moet jul paspoorte regkry om in Lesotho in te gaan met die toer na Drakensberge 2014.**

Storiewerf vir kleuters

## Sawa Kalantjies



Hoeveel sterre sien jy.

Kleur die prent in en tel hoeveel geel sterre jy ingekleur het om die antwoord te kry.

Maak die vorms met twee kolletjie .. geel en die vorms met sirkels ° blou.

ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

**Ondersteun ons eie mense**

**ELWIERDA APTEEK**
Elwierda@mweb.co.za
Noodnommer 082 460 0162

**Kom maak kennis en kry:**

- Flinke diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

**Elwierda Apteek**
Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172
**Faks:** 012 653 6175

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

**JANUARIE**

06 - Marie Marx
07 - Leonard Lemmer
11 - Theo Beneke
13 - Bea Groenewald
16 - Stean van den Berg
17 - Johan v Huyssteen
18 - Wanda Blignaut
19 - Bennie Oosthuizen
28 - Celeste Botha
29 - Willem Pretorius

**FEBRUARIE**

08 - Schalk Nolte
08 - Marianne Nolte
08 - Petro v/der Ende
18 - Henco Bothma
21 - Jo de Villiers
21 - Fanie Marx
25 - Poen Venter
26 - Alida Jordaan
27 - Litia Joubert

# Al die Kiepersol lede

Ons wil graag weer julle besonderhede kry dat ons seker maak  julle kry die SMSe, E-posse en die Kampkrummels.

Die volgende besonderhede:

Naam en van
Verjaardae
Telefoonnommers
Selfoonnommers
Posbus
Woonadres
E-pos
Lidnommer

# Lief en Leed



**Lief**

Daar is beterskap met Dewald van Biljon.

Weereens geluk met die lede wat meriete toekennings by die Kongres en ook by die AJV gekry het.

**Leed**

Kobus Whitey se seun het ‘n operasie gehad.

Johan Luus het ‘n oog operasie gehad.

# Bedankings

Liewe Kiepersollers,

Ek moes al lankal van my laat hoor het na Christo se siekte, sterwe en gedenkdiens, maar was redelik platgeslaan en gedaan.

Ons wil net al die Kiepersollers bedank vir julle empatie en ondersteuning met Christo se afsterwe.  Dankie veral vir die maak van die eetgoed vir die gedenkdiens en die regstaan met tee skink en opruim agterna.  Ek besef dat feitlik almal wat gehelp het senior burgers was en sommige selfs siek was of besig was om te herstel na operasies - daarom is julle vir my baie spesiaal.  Christo het so baie van "begrafnis toebroodjies" gehou.

Baie dankie ook aan Johanna wat die mooi ruiker vir die saal rangskik het. Ons het vir Johanna gevra om self die blomme vir die ruiker te kies.  Haar keuse was presies soos Christo daarvan sou gehou het, inheems en veelkleurig. Die kameelperd saam met die ruiker was ook treffend en het sy persoonlikheid weerspieël.

Julle liefde en vriendskap het 'n blywende indruk op ons gemaak, ons as familie sal dit nooit vergeet nie.

**Martie van der Merwe**

# Voogdelys

**André Baker**
H 012 654 6127 S 083 409 3709 bakera@netactive.co.za

Con Arnold, Theo Beneke, Willem Blignaut, Thys Botha, Theuns Botha, Manie Brits.

**Ronelle King**
H 012 664 6611 S 082 859 4763 ronelle@hscenturion.co.za

Willie Bronkhorst, Frieda Burger, Andries Claassens, Pierre de la Harpe, Martiens de Swardt, Pierre de Villiers.

**Rigard Lemmer**
H 012 543 2411 S 082 786 9928 rigard.lemmer@treasury.gov.za

Seef Delport, Mike de Preez, Jake Erasmus, Hennie Ferreira, Andre Groenewald, Pieter Hanekom, Jan Hartzer, Jerome Henning, Guillaume Jordaan.

**Ina van den Berg**
H 012 661 9501 S 081 270 8267 jannie.ina@gmail.com

Johan Jordaan, Chris Joubert, Kokkie Kok, Paul Kruger, Lettie Leach, Leonard Lemmer, Johann Lemmer.

**Frank Smith**
H 012 654 3135 S 082 882 5299 frank.hettie@vodamail.co.za

Thea Lewis, Hennie Lombard, Rudi Louw, Willie Lubbinge, Johan Luus, Stef Maritz, Fanie Marx Jnr.

**Dewald van Biljon**
H 012 661 6015 S 083 709 9936 hvanbiljon@sabiomedical.co.za

Fanie Marx, Alma Pieterse, Schalk Nolte, Willem Nordejé, Willie Olivier, Bennie Oosthuizen, Willem Pretorius, Quintin Prinsloo.

**Christa Bothma**
S 082 801 3433 christa.bothma@yahoo.com

Louis van den Berg, Johan van der Ende, Martie van der Merwe, Whitey van Heerden.

**Lucille Vorster**
W 012 686 8800 S 084 580 0243 lucille.vorster@gmail.com

Johan van Huyssteen, Poen Venter, Jan Venter, Hennak Visser, Bertus Voges, Melvyn Wessels, Pat Whelan, Enrico Zietsman.

# CAMPWORLD Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uistalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS | Gypsey Distinctly different | Sprite LIGHT YEARS AHEAD | JURGENS SAFARI | HOWLING MOON | VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**

**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**

**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**